# Heilbron Herald

If it is not in the Heilbron Herald, it is only a rumour.

WEEK 2 Deel 110
VRYDAG - 18 JANUARIE 2019

www.heilbronherald.co.za
R5-00 (BTW ingesluit)

TATA HEILBRON
VIR DIE BESTE DIENS IN DIE DORP, KOM NA TATA HEILBRON!
NOU OOP VIR BESIGHEID!
TATA HEILBRON

# Waar is dienslewering heen?




Dít is die gesig wat inwoners in die strate van Heilbron moet aanskou. Dít is die eerste ding waarin toeriste en verbygangers moet vaskyk. Dít is die prentjie van ons dorp.

Die foto bo is geneem in die straat, oorkant Heilbron Herald. Die munisipaliteit is al verskeie kere van die gemors in kennis gestel. Hulle sê die betrokke persone is op pad om die vullis te kom verwyder, maar vandag lyk dit nog net so. Hierdie is al maande lank 'n probleem. In gevalle wanneer die krag af is, is die munisipale kantore ook "sommer af". Selfs die elektrisiteitskas se deure staan oop in wind en weer, wat sonder twyfel baie gevaarlik is.

# Polisiebrokkies


Gedurende Maart 2016 het die polisie 'n geraamte tussen die grasse by die dam naby die vullisgate gevind. Die geraamte is oorblyfsels van 'n onbekende persoon. Die polisie het die geraamte gestuur vir ontleding, waar hulle 'n gesigsamestelling terug ontvang het wat vanaf die skedel gedoen is. Volgens die samestelling, is dit dié van 'n manlike persoon tussen die ouderdom van 30 en 65. Indien iemand hom herken of meer inligting in die verband het, skakel vir adjudant Khakhau by 058 853 5211. Sien foto onder. Goeie suksesse is die afgelope ruk deur Heilbron Polisie behaal in verskeie sake van huisinbrake, diefstal en gesteelde eiendomme. Stappe is geneem om arrestasies te doen. Die verdagtes sal eersdaags in die hof verskyn.







FRANKFORT VEILING
FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Elke Donderdag
te Royal Auction Centre



Vir kraalbesprekings en Inskrywings, skakel:
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135
BKB Loeweld Noord:
"Waar sake ELKE keer die EERSTE keer REG gedoen word!"
www.bkb.co.za

# Tannie Kitty 99 jaar

*Baie geluk tannie Kitty met die groot mylpaal*



Die ouderdom skrik nie inwoners van Huis Bron-van-Heil af nie. Kitty Naude het Dinsdag haar 99ste verjaarsdag gevier. Haar dag was spesiaal gemaak deur vriende, familie en geliefdes wat oor die naweek kom kuier het. Sy was lewe lank 'n boervrou in die distrik. Tannie Kitty is nog lus vir die lewe en om amper 100 jaar oud te wees doen haar nog steeds goed. Baie geluk met die mylpaal!



**Indien u enige nuus vir die koerant het, skakel of stuur 'n e-pos vir Jolandri by 079 846 1075 of 058 852 3033. E-pos: heraldnuus@heilbron.co.za**

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 4 | | 1 | 2 | 9 | | | 7 | 5 |
| 2 | | | 3 | | | 8 | | |
| | 7 | | | 8 | | | | 6 |
| | | | 1 | | 3 | | 6 | 2 |
| 1 | | 5 | | | | 4 | | 3 |
| 7 | 3 | | 6 | | 8 | | | |
| 6 | | | | 2 | | | 3 | |
| | | 7 | | | 1 | | | 4 |
| 8 | 9 | | | 6 | 5 | 1 | | 7 |

## SUDOKU

Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

# Dienssentrum open



*Heilbron Dienssentrum het hul eerste byeenkoms vir die nuwe jaar gehad. Ds Braam van Zyl het die dag geopen en 'n boodskap oorgedra. Hy sê as jy 'n voorneming het moet jy dit doen - moet nie uitstel of wag vir iets om te gebeur nie. Op die foto is Albertha Kühn en ds Braam van Zyl. Albertha is die eerste verjaarsdaglid in Januarie.*

# The most common type of cancer

**• Heilbron Clinic**

Skin cancer is the most common type of cancer. Most skin cancer is caused by sun damage and occurs on the face, neck, and arms where the sun exposure is the greatest. Light skinned, blue-eyed people are more likely to develop skin cancer. Dark skinned people have less risk.

Most skin cancers are non-melanoma skin cancer, which includes basal cell and squamous cell carcinoma.

Non-melanoma skin cancer is rarely life-threatening. Melanoma is a more serious type of skin cancer, it may affect only the skin, or it may spread (metastasis) to the other organs and bones. Melanoma can be life threatening.

Skin cancers differ from noncancerous growths in the following ways:


- They tend to bleed more than noncancerous growths do and are often open sores that do not heal.
- They tend to be slow-growing. However, melanoma may appear suddenly and grow quickly.

Prevention:


Most skin cancers can be prevented by avoiding excessive exposure to the sun (including sunlamps). Most damaging sun exposure has occurred by age 20, so keep your children protected. Repeated sun exposure and severe sunburns are major factors in some types of skin cancer.

When to call a Health professional:

Call your doctor if you notice any unusual skin changes or growths, especially if they bleed and continue to change. If your moles do not change over time, there is little cause for concern. If you have a family history of malignant melanoma, let your doctor know because you may be at higher risk. Call your doctor if you notice any of the following "ABCD" changes in a mole or other skin growth:




# Hoenderp




**BESTANDDELE:**

- 1 Bruin ui, grof gekap
- 2 knoffelhuisies, gekap
- 1kg hoenderborsies
- 1 koppie droë witwyn
- 5 kruienaeltjies
- 400g bruin sampioene, grof gekap
- 1 suurlemoen se sap en geskil
- 3 eiergele
- 2 fillodeeg velle
- 2 eetlepels botter
- 1kg braaihoender
- 2 koppies kookwater
- 2 lourierblare
- Varsgemaalde sout en peper
- 1 eetlepel botter
- 2 eetlepels brandewyn
- ¼ teelepel xantaangom
- 1 eetlepel gesmelte botter

**METODE:**

1. Braai die ui in die botter in 'n groot soppot tot gekaramelliseer. Voeg die knoffel by en braai vir nog 2 minute.
2. Voeg al die hoenderstukke by en braai tot ligbruin.
3. Voeg die water, wyn, lourierblare, naeltjies en sout en peper by, bedek en laat vir 30 minute oor matige hitte prut.
4. Braai die sampioene apart in botter en plaas eenkant.
5. Plaas die hoender op 'n bord, ontbeen en plaas terug in die pot.
6. Voeg die suurlemoensap en -skil en die brandewyn by die hoender en laat vir nog 30 minute oor manige hitte prut.
7. Voeg die sampioene by en laat weer vir 10 minute prut.
8. Voorverhit die oond tot 180°C.
9. Verlaag die hitte en verwyder die lourierblare en die naeltjies.
10. Skep 'n koppie van die sous af en plaas in 'n mengbak saam met die eiergele en xan taangom. Blits alles goed saam met 'n handvoedselverwerker. Voeg dit baie stadig by die hoender en roer aanhoudend, maar moenie die hoender te fyn maak nie.
11. Skep die hoendervulsel in 'n oondbak.
12. Smeer die gesmelte botter met 'n kombuiskwas oor die fillovelle. Frommel die velle effens en plaas oor die hoendervulsel.
13. Bak die pastei vir 20 minute tot die fillo goudbruin en bros is.
14. Haal die pastei uit en laat vir 10 minute rus voor bediening.

# Tiener maak skoonskip in modelkompetisies



Heilbron tiener, Leandri Fourie, maak skoonskip in modelkompetisies.

Sy was die algehele wenner by Mej Express Yourself - Queen, waarvoor sy 'n *sash*, kroon en 'n sertifikaat gekry het.

By Queen of Social Media wat ook 'n skoonheidskompetisie is, het sy die plek as eerste prinses losgeslaan.

Verder sal Leandri in nog 'n internasionale tydskrif, Youthful Talent Model Magazine, te sien wees. Sy slaan sowaar asems weg.

# OK Grocer Heilbron bederf kinders in feestyd





*OK Heilbron het hulle winkel pragtig versier tydens die afgelope feesgety. Uit al die OK-takke in die land het die Heilbron winkel weggestap met 'n prys vir die mooiste versierings. Kinders is ook bederf met geskenke wat deur Kersvader uitgedeel was, nadat ouers hulle name op die aankoopstrokies moes skryf om in trekking te kon kom.*




# JOU EIE



Ek weet nie hoe dit gebeur het nie. Dit was net so.

Nee, ek jok. Ek weet presies.

**HY HET IN DIE STRAAT GESTAP, GLAD NIE GEWILLIG OM SAAM MET IEMAND TE WEES NIE.** My man het die hek oopgemaak, en toe strompel hy in ons erf in. Hy gaan skuil bo in die hoek van die erf, langs die swembad. Dit lyk of hy die duiwel in sy oë ronddra.

My man het die *choke chain* om sy nek gesit, en toe is die duiwel op sy agterbene. Hy spring op, knor, skree soos 'n maervark. Hy byt die ketting en ek sien twee tande spat. Elke haar het regop gestaan op sy rug. Sy slagtande het gedrup van die speeksel.

**NOU WAT MAAK ONS NOU?**

'n Wildvreemde vrou staan by ons hek en wag met 'n handvol hondekoekies. Sy noem dit *treats*. Die naaste wat ek aan 'n *treat* kom, is wanneer iemand vir my roomys koop. Sy wil die monster hier uitlok met 'n klein hondekoekie. Verbeel jou. Dieselfde *Resident Evil* wat my met alle haat in sy oë aankyk.

Die eerste twee nagte het die monster bo in die hoek van die erf geslaap. Teen die derde aand hoor ek hoe stap hy ondersoekend voor die sitkamervenster en snuffel. Teen die vierde aand sien ek hom toe ek die veiligheidshekke sluit. 'n Paar dae daarna kom hy nader wanneer ons kos uitsit. Later kom druk hy sy kop onder my hand in wanneer ek stap en ek moet eers ore krap.

Ons haal die ketting van sy nek af, want daar is in elk geval geen manier hoedat ons die gedierte 'n leiband kan aansit en met hom kan gaan stap nie.

Die monster waarvan ek praat is 'n Rottweilerkruising. Die ene wat ongenooid hier aangekom het.

Hy het nie naam nie, want die oomblik wanneer hy benoem word, is hy deel van ons huisgesin en kry ons hom nooit weer hier weg nie. Ons kan hom nie in die motor kry om hom na die naaste veearts te neem sodat hy kan kyk of hy *gechip* is nie. Ons neem maar 'n foto sodat hy die wegloper op hierdie manier kan adverteer. Dalk loop sy mensemamma en -pappa iewers rond en huil krokodiltrane oor die monster wat weggeloop het.

**NÁ DRIE WEKE NOEM EK HOM MAAR "MONSTER"**. Hy is eintlik 'n goedgemanierde… wel, monster. Hy eet ons bankrot, gelukkig ken hy van hondepille. Hy is 'n opruiende hond: die twee klein hondjies (een erg bejaard - my pa se gebroedsel) en die ander een (erg lui - my gebroedsel) hardloop 99% van die dag saam met hom. Om die swembad. Terug in die huis. Deur die tuin. Terug in die huis. Deur die huis. Dwarsdeur die tuin. Uit die huis. En weer en weer. Ek wonder hoekom sommige mense nie hou van dit wat hulle het nie, veral as dit wat hulle het, van die beste is.

Hy leer baie gou: ek het drie keer vir hom gewys hoe om eers sy poot te gee om dankie te sê vir sy kos, en toe doen hy dit self. Ek wonder wie die eienaar van hierdie monster is. Want as dit mý monster was, sou ek hom nie onder my oë laat gaan het nie. Vir my sou hy loshande die beste monsterhond gewees het.

Samelopend met die aankoms van die Monster in ons lewens, was die bekendmaking van die matriekuitslae. Nie dat dit verband hou met mekaar nie. Maar aan die ander kant…

**MONSTERHOND IS 'N GOEIE HOND.** Die skool in Wrightstraat is 'n goeie skool.

Monsterhond het hier aangekom met 'n gejuig. Die skool in Wrightstraat se uitslae word met 'n gejuig aangekondig.

Monterhond is regtig slim. Die skool in Wrightstraat se uitslae is regtig goed.

Maar iewers is daar iemand wat nie vir Monsterhond wil hê nie. Iewers is daar mense wie nie dink dat Hoërskool Heilbron goed genoeg is nie.

Die spreekwoord kom uit Johannes 4:44: "Hy self verklaar dat 'n profeet nie in sy eie land geëer word nie."

Hoekom wil die deursneeleerder nie na die skool gaan waar hulle sulke goeie resultate kry nie? Hoekom is hierdie skool ook nie in Heilbron geëer nie?

Net om dit duidelik te stel: ek het geen bande met Hoërskool Heilbron nie. Ek was een keer op die perseel, en dit was met 'n funksie. Ek ken geen onderwysers daar nie. Ek weet nie wie is op die beheerliggaam nie. Ek het geen idee wie die skoolhoof is nie.

Maar ek wonder hoekom wil leerders eerder na 'n ander skool toe gaan, weg in die vreemde, en nie by 'n skool wat 'n bewese 100% slaagsyferrekord het nie.

**HELP MY MET HIERDIE EEN?**

Dis soos Monsterhond. Iemand wou nie vir Monsterhond hê nie. En hoe meer ek met Monsterhond te doen het, hoe meer hou ek van hom.

Net soos met goeie skole: hoe meer ek met hulle te doen het, hoe meer hou ek van hulle en wens ek dat ek dieselfde geleentheid gehad het om deel te kon uitmaak van daardie formidabele span wie uitslae lewer wat groot skole in die stof sal laat byt.

Ek dink dit word gedoen net om 'n *statement* te maak. Dink gou mooi: hierdie stap kos jou baie geld. Petrol is darem nog nie so duur soos in Zim nie, maar dit kos geld om van Heilbron af Sasolburg of welke skool ook al, toe te gaan. Dit kos geld om in die koshuis te bly. Dit kos geld om nuwe skoolklere aan te koop. Dit kos geld. Dit kos geld. Dit kos geld.

**WAT IS FOUT MET DIT WAT JY REEDS HET?**

Wat is fout met jou eie?

NS: Monsterhond se foto word nou in die omliggende winkels geadverteer. Dalk kom sy ware mensepappa en mamma na vore. Om hul eie te kom opeis.

# KERKNUUS

**NG MOEDERGEMEENTE**
**Sondag:** 09:30 Erediens
Sagte Kollekte / Kleuterkerk / Deurkol: Christelike Polisievereniging
Kategese / Gemeentetee Blok 5 / Gemeetevrouevergadering

**NG SUID**
**Sondag:** 09:30 Erediens

**GEREFORMEERDE KERK**
**Sondae:** 09:30 Erediens
Koll: Diakonale Bystandsfonds / Katkisasie: Les 1
Diensbeurte: Wyk 5 & 6

**NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK**
H.v Stoffelnel- en Nicolstrate
**Sondae:** 10:30 Erediens / Kategese 10:00
Kontak Ds L.M Prinsloo 016 973 1011, 083 943 4561

**AGS PLEINSTRAAT 72**
**Sondae:** 10:00 Erediens
Biduur Woensdae 18:30, Vrydae 19:00 - Jeug
Kontakpersone: Past LB Deysel, Tel: 058 853 1016

**CHRISTUS GEMEENTE**
(H/v Right- & Gilbertstraat) - **Sondae:** 09:30 Erediens

**AP-KERK -** Tweedestraat, Vegkop-uitbr.
**Sondag** 10:00 Erediens (Heilbron)
VBO Les 1 / Algemene Sustersvergadering

**METHODIST CHURCH**
**Sunday**: Worship service 09:30 each Sunday.
Almal welkom / All welcome.
Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

**GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA**
**Sondag** 10:00 Erediens - **Kontak MP Malindi 078 054 2862**

**EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE**
Hou eredienste op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

**EVANG. GEREF. KERK FRANKFORT (MARKSTR. 20)**
**Sondagoggend:** 10:00 Erediens
18:00 Aanddiens / Bidure: Woensdae 18:00
Navrae: Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

**AGS PETRUS STEYN**
Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477
**Sondae:** 10:30 Erediens / **Woensdae:** 18:00 Biduur

**PENTECOSTAL CENTRE**
(Assemblies of God, Sandersville)
Sondag: 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens /
**Maandag:** 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur - Matt 26:38, Jak 5:16, Eff 6:18 / **Woensdag**: Huissel, **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand
**Vrydag:** 18:00 Jeugaand, **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.
Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190
Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

**AGS KERK SANDERSVILLE**
**Sondae:** Oggenddiens 10:00. Maandag Huissel 06:00, Biduur Woensdag 06:00. Kontak P. van Staden

**CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE**
**Dinsdae:** 17:00 Jeugdienste & Oefeninge / **Woensdae:** 17:00 Gemeentediens & Biduur / **Sondae:** Heiligmaking om 10:30.
Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

**AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT**
Sondagskool 09:00 / Oggenddiens: 10:00 / Aanddiens: 18:00
**Woensdae:** 18:00 Bybelstudie
Navrae: Ds Adriaan Bester 060 953 1880

**DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF**
Sien ons webblaaie: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe.
Navrae: Bel/SMS 079 833 3283
(He who believes shall obey, for by his obedience he proves that he believes).

*Heilbron* **Herald** GEMEENSKAPSNUUS

## Heilbron Dienssentrum

*Breëstraat 57, Heilbron • Tel: 071 658 0336*
Bestuurder: S. Meades

**PROGRAM**

**MAANDAE:**
08:45 - Gimtrim
**DINSDAE:**
09:30 - Bloeddrukke word geneem.
10:00 - Ledeprogram (Elke week iets anders)
**WOENSDAE:**
10:00 - Speletjies, Jukskei ensovoorts. Elke week iets anders.
**DONDERDAE:**
17:00 Kooroefening
***Geen byeenkomste tydens skoolvakansies***

## Op en Wakker Dienssentrum


vir Bejaardes Reitz

***Program vir week***

**Maandag**
09:00 Kooroefening
**Dinsdag**
09:00 Bloeddrukke
**Woensdag**
09:00 Dorp toe
10:00 Voetsorg
**Donderdag**
10:00 Sosiale program
**Vrydag**
09:00 Bybelstudie
**Kontakpersoon**
**Petro Pretorius**
**082 325 1322**



**RIEMLAND MUSEUM TYE**
**VRYDAE 09:00 - 13:00**
Vir enige navrae kontak Quarta Pretorius 082 821 2410 of Magdaleen van Rensburg 076 646 8576



# GEKLASSIFISEERD
Smalls

**Die Heilbron Herald word uitgegee & gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

E-POS ADRESSE
- **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
- **John Watson** john@heilbron.co.za
- **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
- **Jeanne** herald@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerant bydraes ens.)
- **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerant bydraes ens.)
- **Delareyz** finance@heilbron.co.za (Rekenings, state ens.)
- **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za (Bestellings ens.)
- **Marilize** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Jolandri** heraldnuus@heilbron.co.za (Koerant, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

## WEERVOORSPELLING

| | | |
|---|---|---|
| Sa 19 Jan. | 17 / 33 | 36% kans vir donderbuie |
| So 20 Jan. | 13 / 26 | 37% kans vir oggendbuie |
| Ma 21 Jan. | 11 / 30 | Sonnig |
| Di 22 Jan. | 17 / 32 | Sonnig |
| Wo 23 Jan. | 19 / 32 | Sonnig, warm |
| Do 24 Jan. | 18 / 32 | Gedeeltelik bewolk |
| Vr 25 Jan. | 18 / 31 | Warm |
| Sa 26 Jan. | 18 / 31 | Gedeeltelik bewolk |
| So 27 Jan. | 18 / 31 | Warm |
| Ma 28 Jan. | 18 / 31 | 34% kans vir donderbuie |
| Di 29 Jan. | 18 / 32 | Warm |
| Wo 30 Jan. | 18 / 31 | Sonnig, warm |

## KENNISGEWINGS

### KENNISGEWING VAN TERINSAELEGGING

In die boedel van wyle **JOHN BILLY MANUS**, Identiteitsnommer: 630519 5090 086, in die lewe ongetroud, Erf 333, Leewstraat Phiritona, Heilbron, 9650, provinsie Vrystaat, boedelnommer: 22124/2014. Hiermee word kennis gegee ingevolge Artikel 35(5) van Wet no 66 van 1965 dat die Eerste en Finale Likwidasie-en-Distribusierekening in bogemelde boedel in die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof te Bloemfontein en in die kantoor van die Landroshof te Heilbron, vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan, ter insae sal lê. Indien binne genoemde tydperk geen besware by die betrokke Meester ingedien word nie, gaan die Eksekuteur oor tot die uitbetaling ingevolge gemelde rekening.

**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & VENNOTE ING.**
**KERKSTRAAT 40**
**POSBUS 205**
**HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2035**

## TE HUUR

### HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense.
Sluit in volledige eetgerei,
stoof en 2 oonde, gelisensieërde kroeg beskikbaar.
**Bespreek by Elsie Grobler 081 216 6105 of Magda Bierman 083 292 1503**

**Indien u enige nuus vir die koerant het, skakel of stuur e-pos vir Jolandri by 079 846 1075 of 058 852 3033 E-pos: heraldnuus@heilbron.co.za**

## DIENSTE




### BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158**
**Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**

### TUPPERWARE

Vir bestellings kontak
**Jolandri 079 846 1075**
G

## TE KOOP




### TE KOOP GEVRA

Goeie tweedehandse voertuig in goeie toestand.
Prysklas ± R40 000
(Verkieslik Toyota)
**Skakel Moiloa Pule**
**066 120 5164**
moiloapule6874@gmail.com
G

### ROLSTOEL PROJEK

Kom help ons om "bread tags" in te samel, vir elke 350 kg word 5 rolstoele geskenk aan behoeftiges. Daar is 'n houer in Herald Office National winkel. As almal saamwerk word dié 350kg gou-gou ingesamel.

Besoek Office National vir 'n spesiale geskenk vir Valentynsdag.

14Februarie2019

### TREE FELLING SERVICES

Tree felling, trimming & removal of trees.
**Contact Aron**
**078 817 5344**
K1641

## BEDANKING

Graag wil ons hiermee die Heilbron gemeenskap bedank vir hulle gebede, besoeke, telefoonoproepe, en sms'e, asook aan elkeen wat vir ons iets te ete gebring het. Spesiale dank aan Adriaan en Liezl Lange vir hulle hulp en bystand tydens die ongeluk.
**Koos en Riaan Dreyer**
K1642

### U EEN STOP WINKEL

**BESIGHEIDSURE**
**Maandae tot Donderdae**
07:30 tot 17:00
**Vrydae**
07:30 tot 16:30
**Saterdae**
08:30 tot 13:00

Besoek ons vir al u skryfbehoefte benodigdhede, digitale drukwerk, wye formaat drukwerk, korporatiewe drag, geskenke, kantoormeubels, oorpakke, veiligheidsklere en -skoene, informele drag en vele meer.
***Kontak ons gerus vir flinke en vriendelike diens.***

Herald
Office National

**Elsstraat 44**
**Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**
**Faks: 058 853 0140**




## EIENDOMME

### VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens

**Elsstr. 47 HEILBRON**
**Tel: 058 852 2041**
**Petro Meintjes - 083 308 9159**




**Spertyd vir Vrydae se Herald artikels & advertensies is Woensdae om 10:00. Vir enige advertensies en artikels kontak Jolandri by 058 852 3033**

**AANDAG Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n ONTVANGS-ERKENNING kry om enige probleme vroegtydig uit die weg te ruim.**

# Hoërskool Wilgerivier weereens in top skole in S.A. wat die 2018 - Matriekuitslae betref!

*• Vic van Heerden*

Die graad 12's en personeel van 2018 het weereens die skool se naam in die rekordboeke verewig met:
• 'n 100% Slaagsyfer, waarvoor die skool 'n goue toekenning van die departement ontvang het. • Een van die top 50 akademiese skole in die Vrystaat. • 71.11% kan 'n graadkursus voltooi (32 leerlinge) - Universiteitsvrystelling. • 28.88% kan inskryf vir 'n diplomakursus (13 leerlinge). • Uit 'n totaal van 45 leerlinge word 41 A-simbole, 70 B-simbole, 60 C-simbole en 78 D-simbole behaal.

**Leerlinge wat skitterend presteer het:**

• Wimé Rautenbach: Verseker die kersie op die koek met 7 onderskeidings:
Afrikaans (82%), Engels (84%), Wiskunde (88%), Lewensoriëntering (95%), Geografie (90%), Lewenswetenskap (85%) en Fisiese Wetenskap (86%). Wimé was regdeur die jaar die duxleerling en op sport-, kultuur- en akademiese gebied aan die brand. Wimé, jy is 'n ster; Hoërskool Wilgerivier is trots op jou! Mag jou toekoms rooskleurig wees en mag daar wonderlike mylpale langs jou lewenspad wees.

• Izak Hattingh: 4 onderskeidings:
Wiskunde (81%), Lewensoriëntering (91%), Lewenswetenskap (80%) en Rekeningkunde (84%). Hy laat die volgende vakke hermerk: Engels; Fisiese Wetenskap; Ingenieursgrafika & -ontwerp en Afrikaans.

• Juan Jordaan: 3 onderskeidings:
Wiskunde (82%), Lewensoriëntering (89%) en Rekeningkunde (91%). Hy laat die volgende vakke hermerk: Engels; Lewenswetenskap; Fisiese Wetenskap en Afrikaans.

• Deoné Mocke: 3 onderskeidings:
Engels (80%), Lewensoriëntering (89%) en Rekeningkunde (83%). Sy laat die volgende vakke hermerk: Dramatiese Kunste, Lewenswetenskap; Fisiese Wetenskap en Afrikaans.

• Charl Cilliers: 2 onderskeidings:
Lewensoriëntering (88%) en Geografie (80%). Hy laat die volgende vakke hermerk: Afrikaans; Engels; Wiskunde; Dramatiese kunste; Lewenswetenskap en Fisiese Wetenskap.

• Martinette Müller: 2 onderskeidings:
Lewensoriëntering (92%) en Dramatiese kunste (80%). Sy laat die volgende vakke hermerk: Afrikaans; Engels; Fisiese Wetenskap; Wiskunde en Lewenswetenskap.


• Remando Strydom: 2 onderskeidings:
Lewensoriëntering (80%) en Ingenieursgrafika & -ontwerp (81%).

**Vakonderskeidings:**
Lewensoriëntering: 21; Rekeningkunde: 3; Toerisme: 3; Wiskunde: 3; Engels: 2; Lewenswetenskap: 2; Geografie: 2; Dramatiese kunste: 2; Fisiese Wetenskap: 1; Afrikaans huistaal: 1; Ingenieursgrafika & -ontwerp: 1.

Alle eer aan ons Hemelse Vader vir dié puik leerlinge en onderwysers van Hoërskool Wilgerivier, sonder wie bogenoemde nie sou gerealiseer het nie.

Al die personeel is dit eens dat dit baie sweet, trane, energie, toewyding en dryf-krag geverg het, maar die resultaat was vreugde en dankbaarheid.


*Wimé Rautenbach*


*Juan Jordaan*


*Martinette Müller*


*Charl Cilliers*


*Izak Hattingh*


*Deoné Mocke*


*Remando Strydom.*

# Toppresteerders by Hoërskool Heilbron




***Die primêre Top-5 leerders van Hoërskool Heilbron vir die vierde kwartaal 2018.***
*Graad 4, voor: Noeline Gavin (95,00%), Rikus Bronkhorst (95,00%), Danelri Mocke (92,00%), Lizelle Swanepoel (91,50%) en Sunelle Snyman (89,75%). Graad 5, tweede ry: Adri Erasmus (eerste), Franco Roos (tweede), Juan J. van Rensburg (derde), Dihan J. van Rensburg (vierde) en Cariska J. van Rensburg (vyfde). Graad 6, derde ry: Alexa Kruger (85,67%), André Viviers (83,33%), Carli Rochat (80,00%), Johanri Pretorius (79,00%) en Kayla Bosman (78,50%). Graad 7, agterste ry: Michaela Grobler (85,83%), Annalize Swart (84,50%), Sulé Strydom (82,50%) Magaleen de Beer (82,83%) en Joanike Els (82,50%). Die grade wat in die berig genoem word, is die grade waarin die leerders tans is.*



***Die sekondêre Top-5 leerders van Hoërskool Heilbron vir die vierde kwartaal 2018.***
*Graad 8, voor: Wessel Steyn (85,44%), Stean Lategan (78,78%), Beanca Nagel (75,22%), Judike Gavin (72,11%) en Kristen Müller (72,00%). Graad 9, tweede ry: Anica Grobler (84,78%), Jané Jansen van Rensburg (81,11%), Alden Peach (80,78%), Janke Pretorius (79,44%) en Mbali Malindi (73,22%). Graad 10, derde ry: Danica Boucher (83,67%), André Muller (83,33%), Petra du Plessis ( 81,00%), Wilandré Pretorius (79,33%) en Danielle van Wyk (77,78%). Graad 11, vierde ry: Kyla de Lange (81,14%), Izany de Wit (74,14%), Elana Dippenaar (73,43%) en Francois Els (70,57%). Graad 12, agterste ry: Amané Watson (84,71%), Tomari Prins (80,14%), Carissa Peach (76,71%), Megan Strydom (73,43%) en Marni Matthee (71,57). Die grade wat in die berig genoem word, is die grade waarin die leerders tans is.*


Get 10% OFF
when you spend over R300
on canvas prints

Valentine's Day
Canvas Special



Standard
Canvas Prices

200x300mm (A4) - R130 400x600mm (A2) - R290
300x400mm (A3) - R190 600x800mm (A1) - R480
All prices are excluding VAT. R25 Setup Cost for all jobs under R500 (excl.). Offer ends 13 February 2019.



Bring your photos on your USB Stick or E-mail us:
heraldgraphics2@heilbron.co.za
058 852 3033
Heilbron Herald

# Graad R klas werk speel-speel vir groot skool



*Elke dag by die Kleuterkasteel werk die graad R klas baie hard om slim te word vir die groot skool. Gister was 'n spesiale dag wat hulle kon gedoen het net waarvoor hulle lus was. Daar was geverf, gebou en geboer – gebak, met klei gespeel en selfs winkel-winkel gespeel. Donderdag is graad R dag!*

## terugblik



**HEILBRON HERALD**
**VRYDAG, 1 FEBRUARIE 2013**
**Oom Jan kan tamaties kweek -** *Mnr Jan van Zyl van Heilbron het hierdie reuse Pondrose-tamatie van 1,121kg gekweek. Hy is 'n ywerige tuinier.*

# Skenk jou skryfbehoeftes

## *Maak 'n verskil*

Dit is Januarie en die skooltasse is reeds netjies gepak propvol nuwe skryfbehoeftes om die nuwe skooljaar aan te pak. Vir talle gesinne is hierdie tyd van die jaar egter 'n groot bekommernis wanneer kinders, sonder die nodige skryfbehoeftes, benoud en skaam skool toe moet gaan. Saam kan ons egter 'n verskil maak en seker maak elke leerder begin die jaar met groot opgewondenheid!

Office National loods 'n nasionale projek waar skryfbehoeftes geskenk kan word aan minderbevoorregte leerders.

Bring jou ou potloodsakkie met vergete penne, potlode en meer om jou bydrae te lewer. Donasies word ook verder beloon met groot pryse vir skole en leerders wat deelneem. Neem 'n foto van jou donasie en plaas dit op sosiale media met die #ONmystationerypledge merk. Herald Office National sien uit om saam met jou 'n verskil te maak! #ONmystationerypledge




**Spertyd vir Vrydae se Herald artikels & advertensies is Woensdae om 10:00. Vir enige advertensies en artikels kontak Jolandri by 058 852 3033**

# Briewe aan: Redakteur

*Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die redakteur.*

Ek wil baie graag dankie sê aan die tannie in die rystoel, wat vir ons almal sulke mooi notaboeies uitgedeel het wat sy self gemaak het. Jammer dat ek nie toe kon uitvind wie sy is nie. Ek is kort daarna bietjie weg Oos Kaap toe. Dit was nou 'n baie mooi kersgeskenk. Sonder my notaboekie is ek verlore met inkopies doen! Sy het dit so pragtig gemaak. Dit word des te meer nog meer waardeer, omdat sy dit self gemaak het. Dis dierbaar van haar om op so 'n manier aan ons te gedink het. Vreeslik baie dankie! Seën en sterkte vir 2019. Ek het dit al seker dikwels gesê, maar ek sê dit weer, dat dit daardie klein dingetjies is, wat met soveel liefde gegee word, wat tel. Namens *Tannie Heléne van Huis Bron-van-Heil*



